

## Ons deurkollekte vandag gaan vir Gemeente-

**ontwikkeling:** Die Raad vir Gemeente-ontwikkeling en Kerklike Samewerking is 'n gesamentlike werksaamheid van die NGK en VGK wat fokus op kerkplanting as belangrike wyse van evangelisasie in nuwe stadsgebiede maar ook in gebiede waar plaaslike geloofsgemeenskappe nie die kapasiteit het om hierdie uitdaging alleen te hanteer nie. Dit wil die missionêre uitdaging wat 'n nuwe Suid-Afrika aan ons stel op konkrete wyse hanteer deur nuut te dink oor die kerk, wat die klassieke evangelie op 'n vars manier kan laat leef, ook in die mees armoedige konteks.

Die deurkollekte verlede week vir Biblia Hawesending was R2 219-00. **Baie dankie!**

Die deurkollekte volgende week (Kersdag) gaan aan die Kerkbode-Kersfonds en Studietrust.

*“As jy vrede wil hê, wees vrede ...”*

### NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen

Telefoon: 021 886 5975

Kantoorure: 08:00 tot 13:00

### Bankbesonderhede

Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)

Takno: 149 821 Rekno: 149 8046 320



**Kom ons kook!** Ons daag almal in die gemeente uit om konfyt te kook en allerlei heerlikhede in te lê vir die Lentefeis volgende jaar soos die oorvloed van vars produkte beskikbaar

word. As jy fesse nodig het of 'n donasie van suiker benodig, kontak die kerkkantoor en ons kyk hoe ons kan help.

**Geskenkpapier** is steeds beskikbaar by die deure. Plaas R10 per rolletjie wat jy neem in die bokse by die deure. Die papier word vir fondswerwing verkoop deur die Alta du Toit Nasorgsentrum vir volwassenes met intellektuele gestremdheid.

### Voedingsaksie

vra dat gemeentelike asseblief brode en smere kom afgee by die kerk. Die nood is groot en daar is 'n groot behoefte by al hulle voedingspunte om aan die groeiende vraag te voldoen. Bring asb gedurende kantoorure na die kerkkantoor.



FEEDING IN ACTION  
VOEDINGSAKSIE

Ons wens jou 'n geseënde Kerstyd toe. Mag elkeen

met nuwe krag die nuwe jaar tegemoetgaan. Mag die genade en vrede van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees by julle almal in hierdie tyd wees.



Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

# WELWEEK

Christus is die Here!

Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou  
Om so sy groot opdrag uit te leef.



Vierde Sondag  
van Advent

## Kersprojek

Sondag 18 Desember 2016

Tema & Teks “Die geboorte van Jesus.” Matteus 1: 18-25

Prediker Theunis Botha

09:30 Erediens en doopgeleentheid

Jaartema:  
Dissipels sien  
mense raak.

### Doopgeleentheid

Baie welkom aan **Emma Louise Robertson** wat vandag gedoop word. Welkom ook aan haar ouers, Angus en Marzelle, en grootouers en vriende wat hierdie spesiale geleentheid bywoon.

### Kersprojek – bydraes steeds welkom

Enigeen wat nog enige iets wil skenk vir die Kersprojek, is baie welkom. Daar is houers by die deure vir produkte. Skenkings kan ook op die Kersprojektafel in die kerk geplaas word of tot 22 Desember in die kerkkantoor afgegee word.

Kontantbydraes vir die Kersprojek kan in die kollektemandjies geplaas word – duidelik gemerk “vir Kersprojek”. EFT-betalings moet ook asb gemerk word as “Kersprojek”. Baie, baie dankie vir alle bydraes wat ontvang is. Ons het al heelwat uitgedeel.



*Eer aan God in die  
hoogste hemel en vrede  
op aarde vir die mens in  
wie God 'n welbehag het!*

### VOORBIDDING:

**Wêreld:** Benin, Ivoorkus en Togo. Oplossing vir konflikte [Palestyn-Israel]; bekamping van IS-groep se terreur.

**RSA & Dorp:** Ekonomie - sakelui, arbeidsmag, werkslus, werkskepping [Stellemploy]. Leiers op alle gebiede met moraliteit en integriteit. Vigsgeïnfekteerdes en -geaffekteerdes. Dwelmafanklikes en -geaffekteerdes.

**Gemeente & Kerk:** Treuendes, siekes, verswaktes, diegene onder behandeling en aan die herstel. Aangename rustyd en feesseisoen – veilige reis.

**Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar:** Helene Kruger (Woltemade), Marius Lambrechts (Grandiceps) en Mia Swanepoel (Florida).

